

SONDAG: 19

VRAAG EN ANTWOORD: 51

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
51 Vraag: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?			
Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort.	1	Handelinge 2:33	Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.
		Efesiërs 4:8	Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.
Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar.	2	Psalms 2:9	U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.
		Psalms 110:1-2	Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete. U magtige septer sal die HERE uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande.
		Johannes 10:28	En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
		Efesiërs 4:8	Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.
			Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.
			Daarom sê die Skrif: "Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee."
			Jy sal hulle verpletter met jou ystersepter, hulle flenters slaan soos 'n kleipot."
			Van Dawid. 'n Psalm. Die Here het vir my heer die koning gesê: "Kom sit aan my regterhand, en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp." As die Here die septer, simbool van u mag, uit Sion aan u oorhandig, heers dan oor u vyande!
			Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
			Daarom sê die Skrif: "Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee."